DIE 39 ARTIKELS (AFRIKAANS)

Vertaal deur Richard M. Verreynne, 2024.

1. **Aangaande geloof in die Heilige Drie-eenheid**
Daar is slegs een lewende en ware God, oneindig, sonder liggaam, onderskeie dele of passies; God van oneindige krag, wysheid en goedheid; Skepper en Onderhouer van alle dinge, sigbaar en onsigbaar. Tog bestaan die eenheid van hierdie Godheid in drie Persone, een in wese, mag en ewigheid: die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

2. **Aangaande die Woord of Seun van God wat ware mens geword het**
Die Seun, wat die Woord van die Vader is, is van ewigheid uit die Vader, die ware en ewige God, gegenereer, een in wese met die Vader, en het die natuur van 'n mens in die moederskoot van die geseënde maagd aangeneem, een wese met haar, sodat twee geheel en volkome nature, synde die Godheid en Mensheid, in een Persoon saamgevoeg is om nooit geskei te word nie: die een Christus, ware God en ware Mens, wat waarlik gely het, gekruisig is, gesterwe het, begrawe is, om sy Vader met ons te versoen, 'n offer nie alleen vir erfsonde nie, maar ook vir die daadsonde van die mensdom.

3. **Aangaande die afdaling na die doderyk**
Soos Christus vir ons gesterwe het en begrawe is, so glo ons ook dat Hy afgedaal het na die doderyk.

4. **Aangaande die opstanding van Christus**
Christus het waarlik uit die dood opgestaan en weer sy liggaam opgeneem met vlees, bene en alles wat met die volmaaktheid van sy menslike natuur verband hou; daarmee het Hy in die hemel opgevaar, en sit Hy op die troon, tot Hy in die laaste dag terugkeer om alle mense te oordeel.

5. **Aangaande die Heilige Gees**
Die Heilige Gees, wat van die Vader en die Seun uitgaan, is een in wese, majesteit en heerlikheid met die Vader en die Seun, ware en ewige God.

6. **Aangaande die genoegsaamheid van die Heilige Skrif vir redding**
Die Heilige Skrif bevat alles wat nodig is vir redding; sodat wat ook al nie daarin gelees word of daardeur bewys word nie, nie van enige mens vereis sou word as geloofsbeginsel of as voorskrif of noodsaak vir redding nie. Onder die naam Heilige Skrif verstaan ons daardie kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament, waarvan die gesag nooit in die Kerk betwyfel is nie.
Aangaande die Name en Getal van die Kanonieke Boeke
Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium, Josua, Rigters, Rut, Eerste Samuel, Tweede Samuel, Eerste Konings, Tweede Konings, Eerste Kronieke, Tweede Kronieke, Esra (Eerste Esdras), Nehemia (Tweede Esdras), Ester, Job, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied van Salomo, die vier Groot Profete en die twaalf Klein Profete. Die ander boeke, soos Hieronimus gesê het, lees die Kerk toeligtend vir die lewe en gedrag, maar gebruik hulle nie vir die vasstelling van leerstukke nie. Onder hulle tel die volgende: Derde Esdras, Vierde Esdras, Tobias, Judit, Tweede Ester, die Wysheid van Jesus Ben-Sirag, die Profeet Barug, Asarja se Gebed en die Lied van die Drie Jongmanne, Susanna (addendum tot Daniël), Bel en die Draak, die Gebed van

Manasse, Eerste Makkabeërs en Tweede Makkabeërs. Al die boeke van Nuwe Testament, soos algemeen aanvaar, aanvaar ons ook en behandel hulle as kanonies.

7. **Aangaande die Ou Testament**

Die Ou Testament is nie teenstrydig met die Nuwe nie; aangesien in beide Ou en Nuwe Testament die ewige lewe in Christus aangebied word, Hy wat die Middelaar tussen God en mens is, terwyl Hy self beide God en Mens is. Daarom moet geen ag geslaan word op hulle wat voorgee dat die ou patriarge slegs met verbygaande beloftes besig was nie. Terwyl die wette wat God vir Moses gegee het, wat seremonies en ritusse behels het, nie op Christene bindend toegepas word nie, en geen burgerlike insettinge daarin noodwendig vir staatkundige bestuur voorgeskryf word nie, is geen Christen hoegenaamd vry van gehoorsaamheid aan die wet wat as moreel beskou word nie.

8. **Aangaande die belydenisskrifte**

Die drie belydenisskrifte, naamlik van Nicea, Athanasius, en dit wat algemeen bekende staan as die Apostoliese Geloofsbelydenis, behoort volkome aanvaar en geglo te word; aangesien hulle op die Heilige Skrif gegrond is en bewyslewering bied.

9. **Aangaande oorspronklike sonde of erfsonde**

Oorspronklike sonde berus nie alleen by Adam nie, soos die Pelagiane verkeerdelik leer, maar lê inderdaad in die fout en verdorwenheid van die natuur van elke mens, van nature verwek in elkeen as nageslag van Adam, as gevolg waarvan die mens ver verwyder geraak het van oorspronklike geregtigheid, en dus uit eie natuur tot boosheid geneig is, sodat die vlees altyd teen die Gees begeer en dat elke mens wat gebore word, die toorn en veroordeling van God verdien. Hierdie infeksie van die natuur is blywend, ja selfs in hulle wat weer gebore is; waardeur die begeertes van die vlees, wat in Grieks genoem word *phronema sarkos* (deur sommige beskou as die wysheid van die vlees, ander sensualiteit, en nog ander liefde vir of sug na die vlees), wat nie aan die Wet van God onderwerp nie. En alhoewel daar geen veroordeling is vir hulle wat glo en gedoop is nie, bely die apostel tog dat begeerlikheid en wellus op sigself die natuur van sonde behels.

10. **Aangaande vrye wil**

Die toestand van die mens na Adam se val in sonde is so dat hy homself nie deur sy eie natuurlike vermoë en goeie werke tot geloof kan draai en voorberei om tot God te roep nie. Ons het geen vermoë om goeie werke te doen wat aangenaam en aanvaarbaar vir God is as die genade van God deur Christus nie vooraf in ons werk om die goeie te wil, en saam met ons werk wanneer daardie goeie wil by ons teenwoordig is nie.

11. **Aangaande die regverdigmaking van die mens**

Ons word voor God regverdig gereken alleen deur geloof, nie vanweë ons eie werke of verdienste nie, maar vanweë die verdienste van ons Here Jesus Christus. Dat ons deur geloof alleen geregverdig is, is 'n gesonde en diep troosvolle leerstuk, soos meer volledig uitgedruk in die Homilie van Regverdigmaking.

12. **Aangaande goeie werke**

Al is dit so dat ons goeie werke, wat die vrug van geloof is en uit regverdigmaking vloei, nie ons sondes kan wegneem om die swaarheid van God se oordeel te ontvlug nie, is ons goeie werke tog welbehaaglik en aanneemlik vir God in Christus, aangesien dit noodwendig ontspring uit 'n

ware en lewende geloof sodat deur ons goeie werke ons lewende geloof onderskei kan word as 'n boom wat goeie vrugte dra.

13. **Aangaande werke voor regverdigmaking**

Werke gedoen voor die genade van Christus en die inspirasie van die Gees is nie vir God welbehaaglik nie, want hulle ontspring nie vanuit geloof in Jesus Christus nie, en berei ook nie die mens voor om genade te ontvang nie, of (soos die Skoolskrywers sê) die genade kongruent te verdien nie - hierdie werke word immers nie volgens God se wil en opdrag gedoen nie, en kan sonder twyfel as werke uit die sondige natuur bestempel word.

14. **Aangaande oorvloedige werke**

Vrywillige werke, bo en behalwe wat God ons beveel het, deur hulle “oorvloedige werke” te noem, kan nie sonder arrogansie en valse vroomheid geleer word nie, want deur sulke werke verklaar die mens dat hy nie aan God toebring wat hy verplig is om te doen nie, maar dat hulle meer doen vir Sy ontwil as wat hy deur plig verbonde is om te doen, terwyl Christus tog duidelik geleer het: *As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan, Ons is slawe wat niks verdien nie.* (Lukas 17:10)

15. **Aangaande Christus, die enigste sonder sonde**

Christus, in ooreenstemming met ons natuur, is in elke opsig aan ons gelyk gemaak, buiten vir die sonde, waarvan Hy in alle waarheid geen deel gehad het nie, beide in sy vleeslike wandel en in sy gees. Hy het gekom om die Lam sonder gebrek te wees, wat as eenmalige offer van Homself die sonde van die wêreld sou wegneem. Sonde (soos die heilige Johannes sê) was nie in Hom nie. Tog is almal van ons, selfs al is ons gedoop en in Christus nuut gebore, dikwels in baie dinge aan die oortree, sodat as ons sê ons het geen sonde nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie.

16. **Aangaande sonde ná die doop**

Nie elke sonde wat uit eie wil ná die doop gepleeg is, is 'n sonde teen die Heilige Gees nie en dus onvergeefbaar nie. Daarom mag die vergunning tot bekering nie geweier word aan dié wat na die doop in sonde val nie. Nadat ons die Heilige Gees ontvang het, mag ons van die genade wat gegee is, wegdraai, en tog deur die genade van God weer opgerig word tot lewensherstel. Daarom behoort dié veroordeel te word wat sê sulkes kan nooit meer sondig solank as wat hulle hier lewe nie, of dat daar vir sulkes wat waarlik berou het, geen plek gegun moet word tot vergewing nie.

17. **Aangaande predestinasie en uitverkiesing**

Predestinasie tot die lewe is die ewige voorneme van God, reeds voor die grondlegging van die wêreld besluit en deur sy raad – onbekend aan ons – weer en weer bekend gemaak, om uit vloek en veroordeling dié wat Hy in Christus uit die mensdom verkies het, te verlos en deur Christus tot ewige redding te bring en as voorwerpe vir eer te berei. Dié wat so met buitengewone guns deur God bejeën is, het God in ooreenstemming met sy voorneme deur sy Gees se werkinge op die bepaalde tyd, geroep. Deur genade gehoorsaam hulle die roeping, word vryelik regverdig gemaak, tot kinders van God aangeneem, na die beeld van die eniggebore Seun, Jesus Christus, gevorm, en wandel toegewyd in goeie werke, om aan die einde deur die barmhartigheid van God ewigdurende heerlikheid te beërwe. Terwyl die godvresende besinning oor predestinasie en ons uitverkiesing in Christus vervul is met soete, aangename en onuitspreeklike troos vir godvresende mense, vir dié wat in hulleself van die werking van die Gees van Christus bewus is,

wat die werke van die vlees en hulle aardse lede doodmaak, en hulle gedagtes op hoër en hemelse dinge instel, dien die leer grootliks tot versterking en bevestiging van hulle geloof in die ewige saligheid wat saam met Christus geniet sal word, en dit laat hulle liefde vir God hoog brand. Daarteenoor is dit vir nuuskierige en vleeslike mense, wat nie die Gees van Christus het nie, 'n gevaarlike struikeling om voortdurend die uitspraak oor God se predestinasie voor hulle oë te hê, en daardeur dompel die duiwel hulle óf in desperaatheid óf in die ellende van die vuilste leefwyse – die een so erg soos die ander. Verder hiertoe moet ons die beloftes van God so ontvang soos dit in die Heilige skrif uiteengesit word, en in ons optrede moet die geopenbaarde wil van God, soos dit uitdruklik aan ons in die Woord van God verklaar word, nagevolg word.

18. **Aangaande ewige redding alleen deur die Naam van Christus**

Laat hulle 'n vervloeking wees wat sê dat elke mens gered sal word deur die wet of sekte wat hy bely om dan ywerig sy lewe volgens daardie wet en natuurlike lig te beoefen. Die Heilige Skrif leer uitdruklik dat die mens alleen deur die Naam van Jesus Christus gered kan word.

19. **Aangaande die Kerk**

Die sigbare Kerk van Christus is 'n gemeenskap van gelowiges waar die Woord van God suiwer verkondig word en die sakramente behoorlik volgens Christus se instelling bedien word, in alles wat vir die kerk as nodig vereis word. Net soos die Kerk in Jerusalem, in Aleksandrië en Antiogië gefouteer het, so het ook die Kerk in Rome gefouteer, nie alleen in hulle lewe en seremoniële ritus nie, maar ook in geloofsake.

20. **Aangaande die gesag van die kerk**

Die kerk het mag om ritus en seremonies te bepaal, en tree met gesag op in leergeskille, maar die kerk het nie die gesag om enigiets te verorden wat strydig is met die Woord van God nie, nog minder mag dit een Skrifgedeelte so uitlê dat dit in stryd staan met 'n ander. Daarom dus, terwyl die kerk 'n getuie en bewaarder van die Heilige Skrif is, mag dit nie enigiets verorden teen die Skrif nie of insgelyks nie enigiets oplê wat geglo moet word vir redding nie.

21. **Aangaande die gesag van algemene konsilies**

Algemene konsilies kan nie byeengeroep word sonder die opdrag en wil van die owerhede nie, en wanneer hulle byeenkom, aangesien hulle vergaderinge van mense is en nie altyd beheer word deur die Gees en die Woord van God nie, mag hulle fouteer – en sommige het al gefouteer – selfs in sake betreffende God. Daarom is hulle verordeninge van wat vir redding nodig is, sonder mag en gesag, tensy dit verklaar kan word dat sulke besluite uit die Heilige Skrif geneem word.

22. **Aangaande die vaevuur**

Die Roomse leer oor die vaevuur en aflaatbriewe, die aanbidding en verering van beelde sowel as relieke, die aanroeping van heiliges, is bekende praktyke wat heimlik uitgedink is sonder enige gronde in die Skrif; inteendeel dit is teenstrydig teen die Woord van God.

23. **Aangaande bediening in die gemeente**

Dit is nie wettig vir enigeen om die amp van openbare prediking uit sy eie op te neem of die sakramente in die gemeente te bedien alvorens hy wettiglik daartoe geroep en uitgestuur is om die taak te vervul nie. Sulke geroepenes en gestuurdes, wat tot hierdie taak verkies en geroep is deur dié aan wie die gesag in die gemeente gegee is om bedienaars in die Here se wingerd te

roep en uit te stuur, moet ons behoorlik beoordeel en rig.

24. **Aangaande spreke in die gemeente in 'n taal wat mense nie verstaan nie**

Dit is duidelik teenstrydig teen die Woord van God en in die gebruike van die vroeë kerk om in 'n taal wat mense nie verstaan nie openbare gebede in die kerk te gebruik of die sakramente te bedien.

25. **Aangaande die sakramente**

Sakramente deur Christus ingestel is nie bloot kentekens van Christenmense se belydenis nie, maar inderdaad vaste en seker getuies, effekdraende tekens van God se genade en guns oor ons, waardeur Hy onsigbaar in ons werk om nie alleen ons geloof in Hom te wek nie, maar ook te versterk en bevestig. Daar is twee sakramente deur Christus ons Here in die evangelie ingestel, die doop en die nagmaal. Die vyf wat algemeen as sakramente bestempel word, aanneming, boetedoening, opdragte, huwelik en laaste salwing, kan nie as sakramente van die evangelie getel word nie. Hulle het hul ontstaan in valse navolging van apostelleringe en handel wel deels oor lewensaspekte in die evangelies toegelaat, maar anders as die sakramente van die doop en nagmaal, het hulle geen opmerklike of seremoniële instelling deur God nie. Die sakramente wat Christus ingestel het, is nie bedoel om besigtig of rondgedra te word nie, maar dat ons hulle behoorlik gebruik. In dié wat op 'n waardige wyse hierdie twee sakramente ontvang, sal dit 'n heilsame gevolg en werking hê, maar vir dié wat hulle onwaardig beoefen, sal dit wees soos die apostel Paulus gesê het: …*bring 'n oordeel oor homself.* (1 Kor. 11:29)

26. **Aangaande die onwaardigheid van die bedienaars wat nie die effek van die sakramente verhinder nie**

Alhoewel die kwaad en die goeie dikwels in die sigbare kerk gemengd voorkom, en die kwaad soms hoogty vier in die bediening van die Woord of sakramente, kan ons in hulle bediening deel wat die ontvang van die Woord van God en die sakramente betref, aangesien hulle dit nie in hulle eie naam bedien nie, maar die Naam van Christus, onder wie se opdrag en gesag hulle funksioneer. Die vrug van Christus se instelling word nie deur hulle boosheid weggeneem nie, nog minder word God se genadige gawes vir die wat die sakramente deur geloof beoefen, in effek verminder; hulle het immers die sakramente, wat as gevolg van Christus se instelling en belofte doelmatig werk, reg ontvang ten spyte daarvan dat dit deur bose bedienaars uitgedeel is. Nogtans is dit in die lig van die tughandeling in die kerk, noodsaaklik dat bose bedienaars ondersoek word, deur die wat kennis dra van hulle oortredinge aangekla word, en uiteindelik na skuldigbevinding regverdiglik uit hulle amp gestel word.

27. **Aangaande die doop**

Die doop is nie alleen 'n teken van belydenis en 'n merkteken van andersheid, waardeur Christenmense van ander wat nog ongelowig is, onderskei word nie, maar dit is ook die teken van weer- of nuwe geboorte, waardeur dié wat die doop ontvang asof instrumenteel in die kerk ingeënt word, die beloftes van vergewing van sondes ontvang, die aanneming tot kinders van God deur die Heilige Gees ontvang, sigbaar gemerk en verseël word, geloof bevestig word, en genade toeneem deur gebed tot God. Die doop van kinders kan goedskiks in die kerk behou word as ooreenstemmend met die instelling van Christus.

28. **Aangaande die nagmaal**

Die nagmaal is nie alleen 'n teken van die liefde wat christene onder mekaar moet hê nie, maar dit is veel meer 'n sakrament van ons verlossing deur die dood van Christus, daarin dat vir die

wat dit opreg, waardig en deur geloof ontvang, die brood wat ons breek gemeenskap met die liggaam van Christus sal wees, en so ook die beker van seën gemeenskap met die bloed van Christus sal wees. Transubstansiasie, of dat die brood en wyn in substans tot die liggaam en bloed verander, by die nagmaal, het geen gronde in die Heilige Skrif nie, is 'n verwringing van die eenvoudige woorde van die Skrif, 'n omverwerping van die aard van die sakrament, terwyl dit die weg baan vir bygelowigheid. Die liggaam van Christus is gegee, word deur geloof geneem en geëet in die nagmaal. Die sakrament van die nagmaal is nie deur Christus se instelling vir sommige gereserveer, en om rondgedra, opgelig of aanbid te word nie.

29. **Aangaande die goddelose wat nie die liggaam van Christus eet tydens die nagmaal nie**
Die goddelose en elkeen wat vreemd staan tot die lewende geloof, al sou hulle op vleeslike wyse en met sigbare byt met die tande, soos Augustinus genoem het, die sakrament van die liggaam en bloed van Christus beoefen, het tog op geen manier deel aan Christus nie; inteendeel eet en drink hulle tot hulle eie oordeel hierdie teken van die groot en wonderlike sakrament.

30. **Aangaande beide soorte**
Die beker van die Here moet nie vir leke geweier word nie, aangesien alle Christenmense gelykwaardig aan albei dele van die sakrament deel moet hê volgens die instelling en opdrag van Christus.

31. **Aangaande die een offergawe van Christus aan die kruis**
Die offer eenmaal gebring deur Christus is die volkome verlossing, versoening en voldoening vir al die sondes van die hele wêreld, beide in oorsprong en daad, en daar is geen verdere voldoening vir sonde nie - dit alleen. Daarom is die offergawes in die Roomse mis, waarvolgens dit algemeen verklaar word dat die priester Christus offer vir die lewende en die dooies om hulle van pyn of skuld te verlos, lasterlike fabels en gevaarlike bedrieglikheid.

32. **Aangaande die huwelik van priesters**
Biskoppe, priesters en diakens word nie deur God se wet gebied om te belowe om in 'n ongehude staat te bly of hulle van huweliksluiting te weerhou nie. Trouens, dit is wettig vir hulle om, soos alle ander Christene, te trou volgens hulle eie besluit; aangesien hulle ook die ander sal kan rig om meer godvrugtig te lewe.

33. **Aangaande afgesnyde mense, hoe hulle behandel moet word**
Een wat deur die openlike teregwysing van die gemeente afgesny (geëkskommunikeer) is uit die eenheid van die kerk, moet deur die hele gemeenskap van gelowiges as ‘n heiden en tollenaar gehanteer word totdat hy openlik deur berouvolle bekering versoen is en deur 'n ampsdraer wat daartoe gemagtig is in die kerk heropgeneem word.

34. **Aangaande die tradisies van die Kerk**
Terwyl dit nie noodsaaklik is dat tradisies en seremonies op alle plekke een en dieselfde moet wees nie; dit het immers oor tye heen verskille getoon, en kan steeds verandering ondergaan in ooreenstemming met die verskeidenheid van lande, tye en die gedrag van mense; tog moet niks daarin teen God se Woord opgestel word nie. Wie ook al na eie oordeel, gewillig en doelgerig, openlik breek met die tradisies en seremonies van die Kerk, wat nie strydig met die Woord van God is nie, en deur algemene ooreenstemming ingestel en goedgekeur is, behoort in die openbaar bestraf te word (sodat ander mag vrees om hulle na te volg), as een wat teen die algemene orde van die Kerk oortree en die gesag van die opsieners skade berokken, terwyl hy

die gewete van 'n swakker broer verwond. Elke afsonderlike of nasionale kerk beskik self oor die gesag om seremonies en ritusse van die kerk, wat tog immers uit menslike oorwegings ingestel is, vir hulle gebruik te verordineer, verander of nietig te verklaar, sodat alles tot stigting geskied.

35. **Aangaande die homilieë***

Die Tweede Boek van Homilieë, met verskeie name en hier onder een artikel saamgevoeg, bevat 'n goddelike en heilsame leerstelling, wat vir ons dag nodig is, soos ook die vorige Boek van Homilieë, wat in die tyd van Edward VI saamgestel is, en ons bepaal dat hulle in gemeentes deur leraars ywerig en toepaslik voorgelees moet word sodat mense hulle kan verstaan. Hier volg die name van die homilieë: 1. Aangaande die regte funksionering van die kerk. 2. Teen die ellende van afgodery. 3. Aangaande die herstel en instandhouding van kerke. 4. Aangaande goeie werke, ten eerste vas. 5. Teen vraatsug en dronkenskap. 6. Teen weelderige kleredrag. 7. Aangaande gebed. 8. Aangaande die plek en tyd vir gebed. 9. Dat algemene gebede en bediening van sakramente in 'n bekende taal gedoen moet word. 10. Aangaande die hoë waardering vir God se Woord. 11. Aangaande aalmoese. 12. Aangaande die advent van Christus. 13. Aangaande die lyding van Christus. 14. Aangaande die opstanding van Christus.15. Aangaande die waardige ontvangs van die sakramente van die liggaam en bloed van Christus. 16. Aangaande die gawes van die Heilige Gees. 17. Vir die smekingsdae vir vas en gebed. 18. Aangaande die staat van die huwelik. 19. Aangaande bekering. 20. Teen ledigheid. 21. Teen rebelsheid.

36. **Aangaande bevestiging van biskoppe en leraars***

Die Boek van Bevestiging van Aartsbiskoppe en Biskoppe, en die Ordening van Priesters en Diakens, uitgegee in die tyd van Edward VI en gelyktydig deur die Parlement bevestig, bevat alles wat noodsaaklik is vir sodanige bevestiging en ordening, met niks wat enigsins daarin bygelowig of goddeloos is. Daarom verklaar ons dat elkeen wat kragtens die ritus van hierdie boek bevestig of georden is, sedert die tweede regeringsjaar van die genoemde Edward VI en verder, of wat hierna bevestig of georden sal word volgens dieselfde ritus, regtens, ordelik en wettig bevestig en georden is.

37. **Aangaande die mag van burgerlike magistrate***

Die koning se majesteit het oppergesag in die Ryk van Engeland, maar in sy ander gebiede is dit die owerhede, aan wie die hoofregeerders van al die afdelings van hierdie Ryk, of dit kerklik of burgerlik is, in alle gevalle tuishoort, en hulle sal nie en is nie bedoel om ondergeskik te wees aan vreemde jurisdiksie nie. Terwyl ons aan die koning se majesteit die finale regering toesê, alhoewel dié se titel sommige lasterlike mense aanstoot gee, gee ons nie aan ons vorste die bediening van God se Woord of sakramente nie, soos die instruksies van Elisabet, ons koningin, onlangs ook baie duidelik bevestig het. Hulle voorreg, soos ons sien die Heilige Skrif altyd aan alle vroom vorste gee, is om hulle lande en klasse te regeer soos deur God aan hulle opgelê, hetsy geestelik of wêreldlik, en om die hardkoppiges en boosdoeners met die swaard te bedwing. Die Biskop van Rome het geen jurisdiksie in die Ryk van Engeland nie. Die wette van die Ryk mag Christenmense met die dood straf, vir gruwelike en aanstootlike misdade. Dit is wettig vir Christenmense, as die magistraat hulle daartoe bevel, om wapens te dra en in oorloë te dien.

38. **Aangaande Christene se besit van goed**

Die rykdom en besittings van Christene, wat regte, titels en besitting betref is nie algemene besit soos sekere Anabaptiste verkeerdelik beweer nie. Desnieteenstaande moet elke mens uit wat aan hom behoort ruimskoots volgens sy vermoë gee vir die armes.

39. **Aangaande 'n Christen se eedswering**

Aangesien ons bely dat ons Here Jesus Christus oppervlakkige en ligtelike eedswering vir Christene verbied het, bevind ons tog dat die Christelike geloof dit nie verbied dat 'n mens met 'n eed in die hof sweer in belang van 'n geloofwaardige en goeie saak nie, want so het die Profeet ook oor reg, geregtigheid en waarheid geleer.

---

*Sekere artikels van die 39 Artikels verwys na die Britse monargie, die Britse Ryk en kerklike gebruike van die 16de eeu, en word nie vandag, eeue later, in veel ander omstandighede, net so aanvaar nie.